Sedert 1921

Wees jouself

# Laerskool Jan van Riebeeck

Adres | Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
Webtuiste | laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-pos | ontvangs@jvrprim.co.za
Tel | 021 423 4209

## AANSOEK OM TOELATING

Baie welkom by Laerskool Jan van Riebeeck.

Die skool is amptelik gestig op 31 Januarie 1921. Alhoewel daar skole in die land is wat ouer is as Laerskool Jan van Riebeeck, is ons die oudste Afrikaansmediumskool in die Wes-Kaap en die vierde oudste Afrikaansmediumskool in Suid-Afrika.

Laerskool Jan van Riebeeck is ’n ware gemeenskapskool. Ongeveer 70% van ons leerders bly binne ’n radius van 10km van die skool, insluitend leerders van die Suid-Afrikaanse Kinderhuis, die oudste kinderhuis in Suid- Afrika. Ons het ook leerders vanaf Table View, Blouberg, Houtbaai en die suidelike voorstede.

Ons het 21 klasse vanaf graad 1 tot 7 en die gemiddelde aantal leerders per klas is ongeveer 23. Bo en behalwe die klasonderwysers het ons verskeie addisionele personeellede, soos bv vir drama, sport, robotika en kodering- en kunsonderrig, biblioteek-en digi en remediërende onderwys. Ons is in die gelukkige posisie om twee voltydse personeellede in die musiekdepartement te hê, sewe privaat musiek personeellede, asook spesialiste in arbeidsterapie, ‘n opvoedkundige sielkunde, ‘n taal- en spraakterapeut en ‘n spelterapeut.

Die skool se leuse is: “Wees Jouself ” en ons bied elke leerder die geleentheid om hom- of haarself te wees en uit te leef. Ons ouers is baie betrokke en ons probeer om elke kwartaal minstens een funksie aan te bied waarby ons alle leerders en ouers betrek. Alhoewel ons ’n Afrikaansmedium-skool is, ontvang ons heelwat leerders uit tweetalige of Engelssprekende ouerhuise. Leerders wat in graad 8 na Engelsmediumskole toe gaan, vaar baie goed en het geen agterstand as gevolg van Afrikaanse onderrig in die laerskool nie. Vanaf graad 5 bied ons ook “English Home Language” aan. Ons leerders presteer uitstekend op akademiese gebied sowel as buitemuurs en vergelyk goed met hulle portuurgroep in skole wat drie of vier keer ons leerdertal het.

Dit is baie belangrik dat u die aangehegte dokumente volledig sal voltooi en dit so spoedig moontlik aan die skool sal terugbesorg. Neem asseblief kennis dat u kind se inskrywing slegs bevestig sal word **na** ontvangs van die volgende:

- ☐ ‘n Gewaarmerkte afskrif van u kind se ID-dokument of geboortesertifikaat
- ☐ ‘n ID-grootte foto van u kind
- ☐ ‘n Gewaarmerkte afskrif van beide ouers se ID-dokument
- ☐ Bewys van woonadres
- ☐ Kliniek-/immuniseringskaart
- ☐ U kind se nuutste vorderingsverslag (ingeval van Graad 1 – voorskoolse / Graad R-skool)
- ☐ Volledig voltooide en getekende Adminvorm
- ☐ Verklaring dat u die Toelatingsbeleid onderskryf
- ☐ Onderneming vir die betaling van skoolgeld
- ☐ Verklaring dat u die skool se Visie en Missie verstaan en onderskryf
- ☐ Verklaring dat u die skool se ander beleide, soos op ons skool se webtuiste gepubliseer, onderskryf
- ☐ Oorplasingsvorm (nie vir Graad 1 behalwe as die kind ‘n geregistreerde Graad R-skool bygewoon het

Vriendelike groete

**I.C BEETS**
SKOOLHOOF